

DOOPROK

Patroon deur die Ontwerpateljee, UNISPIN

Vir gevorderde breisters; gebrei op 'n Empisal Cardomatic-breimasjien.

BENODIGDHEDE

Mirage Super Sparkle (500-g-keëls) sowat 315 g; 3 knope; ongeveer 1 m kant; ongeveer 6 m pienk en 1 m wit smal lint; 0,75 m satyn vir voering van romp.

Gebruik slegs die aanbevole breidraad; ander soorte mag onbevredigende resultate oplewer. Die hoeveelheid breidraad is by benadering en gebaseer op deursneebehoefte.

MATE

Om borsmaat van 41 cm te pas; lengte vanaf skouer ongeveer 56 cm, moumaat ongeveer 12 cm.

SPANNING

33 ste en 48 rye = 10 x 10 cm oor ks, teen ongeveer S 3.

Gaan jou spanning sorgvuldig na; indien daar te min steke in jou toetslapie is, moet daar met 'n stywer, en indien te veel ste, met 'n losser spanning gebrei word.

AFKORTINGS

alt – alternatiewe; vermeer – vermeer; vermin – verminder; b – brei; N(e) – naald(e); st(e) – steek(steke); HS – hoofspanning; H – hoofkleur; rt – ryteller; plo – plaas oor; WP – werkposisie; rg – resgare; HP – houposisie; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; oorbl – oorblywende.

ROMP**VOOR- EN AGTERPANT (dieselde)**

Gebruik rg en stel 180 ste op, brei 'n paar rye.

Slaan oor na H, HS4, rt-0. Brei tot rt-8.

Brei 1 ry HS+4. Slaan oor na HS4, brei 8 rye. Sluit soom.

*Brei 3 rye. Plo elke 3e st op aangrensende N om gaatjies te vorm.

Brei 3 rye. Brei 'n oprygsel soos volg: brei 1 ry teen HS+4. Keer terug na HS4. Brei 3 rye.

Plaas ste van los gebreide ry op Ne, dit voltooi die oprygsel. Herh vanaf * nog 3 keer. Brei 2 rye. Steek kaart nr. 395 (of 'n kaart na keuse) in masjien. Rt-0. Brei tot rt-140. Brei op rg af.

LYFIE**VOORPANT**

Plaas 87 Ne in WP. Met VK voor, plaas ste van romp op Ne, 2 ste op elke N, maar 3 ste op 1e en laaste N. HS3. Rt-0; brei 2 rye. Brei voort in

DOOP JOU BABA

Dié lieflike masjiengebiede dooprokkie is ragfyn en kan in die uitsetkis bewaar word vir die familiebabas

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN

patroon verwerk deur SJOUKE JORDAAN
foto MARIAM GILLAN

oprygselpatroon, soos volg, en onthou om nadat elke oprygsel voltooi is, die rt 4 rye terug te draai.

**Maak 'n oprygsel soos tevore, brei 6 rye; herh vanaf **

Brei tot rt-16.

Mousgatvorming

Rt-0. Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg 3 rye, daarna vlg 4 alt rye – 67 ste.

Brei tot rt-20.

Halsvorming

Plaas 34 ste aan teenoorgestelde kant van slee in HP en brei 1 ry.

Heg 2 ste af aan halsrand in vlg ry en daaropvlg 2 alt rye, vermin daarna 1 st in vlg 2 alt rye – 21 ste. Brei tot rt-32.

Skouervorming

Heg 10 ste af aan beg van vlg ry. Brei 1 ry. Heg oorbl 11 ste af.

Plaas die oorbl 34 Ne terug in WP. Heg middelste 9 ste af.

Voltooi om met eerste kant ooreen te stem, dus met omgekeerde vorming.

AGTERPANT

Soos voorpant tot rt-6 van mousgatvorming.

Verdeel vir opening

Heg die middelste 5 ste af en plaas oorbl ste, teenoorgestelde kant van slee, in HP.

Voltooi mousgatvorming soos vir voorpant. Brei tot rt-32.

Skouervorming

Soos uiteengesit vir voorpant. Plaas oorbl Ne terug in WP en voltooi om met eerste kant ooreen te stem, dus met omgekeerde vorming.

MOUE (2)

Gebruik rg en stel 53 ste op, brei 'n paar rye.

Slaan oor na H, HS3, rt-0. Brei tot rt-8. Brei 1 ry HS+4 vir vou van soom.

Brei voort in oprygsel- en gaatjiesrypatroon soos volg: brei 1 ry, ***maak oprygsel soos tevore, brei 3 rye, plo elke alt st op aangrensende N, brei 3 rye, maak oprygsel, brei 6 rye; herh vanaf ***, maar vermeer **terselfdertyd** 1 st aan weersk van elke 6e ry, 7

keer altesaam – 67 ste.

Moukopvorming

Hou oprygsel- en gaatjiesrypatroon deurlopend.

Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg 5 rye, daarna van vlg 5 alt rye, dan van daaropvlg 4e rye nog 2 keer.

Heg 2 ste af aan beg van vlg 4 rye, heg 4 ste af aan beg van daaropvlg 2 rye.

Heg oorbl 21 st af.

HALSSTROOK

Werk skouernate toe. Brei rg en stel 71 ste op; brei 'n paar rye. Slaan oor na H.

HS3, rt-0, brei tot rt-6. Brei 1 ry. HS+4. Brei 6 rye. Heg af.

SYSTROKE VIR OPENING (2)

Soos uiteengesit vir halsstrook, maar oor 35 ste.

AFWERKING

Stoom die romp liggies. Werk moukoppe in mousgate vas, ruim effens in soos benodig. Werk sy- en mounate toe. Soom mouboordjies. Vou halsstrook na binnekant dubbel en werk vas. Werk die agterpantopeningstroke vas, vou oorlangs dubbel soos uiteengesit vir halsstrook, die boonste deel word om uiteindes van halsstrook vasgewerk, plaas aan onderkant die linker- oor regterstrook en werk só vas. Maak aan linkerstrook 3 knooppluse, eweredig gespaseer en werk aan regterstrook 3 knope vas. Werk ingeplooië kant aan halsrand en aan onderand van lyfie vas. (**Opsioneel:** borduur hier en daar 'n rosie op moue.) Ryg lint deur gaatjiesry aan onderrand van romp. Maak met 2 lintjies 'n strik en werk onder aan voorpant van lyfie vas. Verwyder al die resgare. Moenie pars nie. ☺

Die dooprokkie is eksklusief vir ROOF ROSE ontwerp en gebrei deur UNISPIN-ontwerpateljee.

IN 'N ERFSTUK



Die dooprokkie is masjiengebrey op die Empisal Card-O-Matic van Mirage Super Sparkle-breidraad. Die moue en skouerstuk is gebrey in denkbeeldige oprygsels, en kan, indien verkies, versier word met rosies geborduur in boeljonsteek. Die ronde hals en laslyn van die skouerstuk en rompgedeelte is versier met gekoopte kant. Die rompgedeelte is gebrey in lieflike kantpatroon en afgerond met denkbeeldige oprygsels. Openinge is gelaat om die linte deur te ryg.

Dis hasies, dis eiers en kuikens . . . dis Paasfees

Al ooit 'n trui vir Paastyd
gebrei? Voeg al die
simboliese motiewe
saam en skep 'n truitjie
wat lewe

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN
patroon en diagramme verwerk
deur SJOUKJE JORDAAN
foto MERWELENE VAN DER MERWE
model ASHLEY van GAPA

PAASTRUI

Patroon deur die Ontwerpateljee,
UNISPIN

Vir gevorderde breisters.

BENODIGDHEDE

Mirage DK (100-g-uittrekstringe of 25-g-bolle); 3(4) bolle elk geel (A), wit (B), en suurlimoenggeel (E); 1(2) bolle elk bottelgroen (C), groen (D) en rooi (F); resbietjies beige, bruin en koningsblou; paar Inox-breinaalde van 3,25 mm en 4,50 mm; 7 knope.

Gebruik slegs die aanbevole breidraad; ander soorte mag onbevredigende resultate oplewer. Die hoeveelheid breidraad is by benadering, gebaseer op deursneebehoefte.

MATE

Om borsmaat van 61-66(71-76) cm te pas; lengte vanaf skouer 44(50) cm; moumaat 34(39) cm.

SPANNING

20 ste en 25 rye = 10 x 10 cm oor ks met 4,50-mm-Ne. Gaan jou spanning sorgvuldig na; indien daar te min ste in jou toetslappie is moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; beg – begin; vermin – verminder; vermeer – vermeerder; vlg – volgende; pat – patroon; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk; oorbl – oorblywende; herh – herhaal; ks – koussteek; rif – riffelsteek, r1, aw1; m1 – maak 1 steek deur die horisontale lus wat voor vlg st lê op te tel en in die agterkant daarvan te brei; weersk – weerskante.

AGTERPANT

Gebruik 3,25-mm-Ne en A en stel 72(84) ste op; brei 3(4) cm rif.

Slaan oor na 4,50-mm-Ne en ks; brei strepe van 26 rye B, 4 rye F, 10 rye E, 18 rye A.

Vlg (RK) ry: deurgaans r; 0(3)D, 3(6)A, (6D, 6A) 5 keer, 6D, 3(6)A, 0(3)D.

Vlg ry: deurgaans aw, in kleure soos vasgestel.

Brei nog 8 rye ks met D.

Brei 12 rye ks volgens diagram 1, beg en eindig rye waar aangedui, herhaal en brei die 10-steek patroontjie 6(8) keer oor die ry.

Brei nog 18 rye ks met E. Slaan oor na C, brei reguit tot werk 44(50) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Skouervorming

Heg 8(9) ste af aan beg van vlg 4 rye en 7(9) ste aan beg van daaropvlg 2 rye.

Plaas oorbl 26(30) ste op 'n reserwe-naald.

REGTERVOORPANT

*Gebruik 3,25-mm-Ne en A en stel 34(40) ste op, brei 3(4) cm rif.

Slaan oor na 4,50-mm-Ne en ks, brei strepe soos volg: *26 rye B, 4 rye A, 4 rye F, 30 rye D.

Vlg (RK) ry: deurgaans r; (1D, 3E) 8 keer, 1D, 1(3)E, 0(1)D, 0(3)E.

Vlg ry: deurgaans aw, in kleure soos vasgestel. Herh die laaste 2 rye een keer.

Brei dan 6 rye ks met E. Brei daarna 26 rye ks volgens diagram 2, beg en eindig die rye soos aangedui, maar wanneer werk 37(42)cm lank is vanaf begin, eindig met 'n VK-ry en begin halsvorming.

Halsvorming

Heg aan beg van vlg ry en daaropvlg alt rye, 1(2) keer 4 ste af, dan een keer 3 ste, 1(0) keer 2 ste en vermin 2 keer 1 st – 23(27) ste.

Brei voort met C tot voorpant so lank soos agterpant tot beg van skouervorming is, eindig met 'n RK-ry.

Skouervorming

Heg 8(9) ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry. Brei 1 ry.

Heg oorbl 7(9) ste af.



Detail van Paaseier.



Detail van hasies.



Detail van kuikens.

LINKERVOORPANT

Soos regtervoorpant van * tot *. 6 rye C, 6 rye B. Brei 24 rye ks volgens diagram 3, beg en eindig die rye soos aangedui, brei die 12-st pat 2 keer oor die ry. Brei daarna 10 rye C, dan 32 rye B.

Vlg (RK) ry: deurgaans r; 0(2)A, 2(6)B, (4A, 6B) 3 keer, 2A.

Vlg ry: deurgaans aw in kleure soos vasgestel.

Brei 18 rye volgens diagram 4, beg en eindig rye soos aangedui, brei daarna slegs met C, tot werk 37(42) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n RK-ry.

Die Paastrui in wit, geel, groen en rooi is gebrei van Mirage-dubbelbreidraad. Die geometriese stroke en motiewe is in Jacquard gebrei, terwyl die kuikens, hasies en eier in duplikaatsteek geborduur is.



DIAGRAM 2





DIAGRAM 3



SLEUTEL TOT DIAGRAMME

- = A (geel)
- = B (wit)
- = C (bottelgroen)
- v = D (groen)
- \ = E (suurlemoengeel)
- = F (rooi)

DIAGRAM 1




DIAGRAM 4




DIAGRAM 5





DIAGRAM 6



Halsvorming

Soos uiteengesit vir regtervoorpant van ** tot **. Brei dan voort met C tot voorpant so lank soos agterpant tot begin van skouervorming is, en eindig met 'n VK-ry.

Skouervorming

Soos uiteengesit vir regtervoorpant.

MOUE (2)

Gebruik 3,25-mm-Ne en A en stel 36(42) ste op, brei 3 cm rif, eindig met 'n VK-ry.

Vlg (vermeer) ry: rif 3, *m1, rif 1; herh van * tot laaste 2 ste, m1, rif 2 – 68(80) ste.

Slaan oor na 4,50-mm-Ne en ks, brei strepe soos volg: 14 rye D, 8 rye E, 6 rye F, 6 rye B. Brei 10 rye ks volgens diagram 5, beg en eindig rye waar aangedui.

Brei nog 4 rye ks met B.

Vlg (RK) ry: deurgaans r; 0(2)B, 2(6)A, (4B, 6A) 6 keer, 4B, 2(6)A, 0(2)B.

Vlg ry: deurgaans aw in kleure soos vasgestel.

Brei nog 12 rye ks met A.

Vlg (RK) ry: deurgaans r; 0(4)C, 0(2)A, (8C, 2A) 6 keer, 8C, 0(2)A, 0(4)C.

Herh laaste 2 rye een keer. (Brei 12 rye ks volgens diagram 6) 1(2) keer. Heg lossies af.

LINKERVOORPANTSTROOK

Gebruik 3,25-mm-Ne en A, stel 7 ste op, brei rif tot strook, effens gerek, teenaan linkervoorpantrand tot beg van halsvorming pas, werk dit vas soos jy vorder. Plaas ste op 'n haakspeld. Merk met spelde die posisie van 6 knope, die eerste 1 cm bokant onderrand, die laaste ongeveer 5 cm onder van beg van halsvorming (onthou dat 'n knoop in halsstrook geplaas sal word) en die oorbl knope eweredig gespasieer daartussenin.

REGTERVOORPANTSTROOK

Soos linkervoorpantstrook, maar brei 6 knoopsgate teenoor die spelde wat plasing van knope aandui.

Knoopsgatry: rif 3, heg 2 ste af, rif tot einde.

Vlg ry: rif tot einde, stel 2 ste op oor afgehegte ste van vorige ry.

Plaas dié ste ook op 'n haakspeld wanneer regte lengte bereik is.



HALSSTROOK

Werk skouernate toe. Met RK voor, 3,25-mm-Ne en A, brei rif oor ste van regtervoorpantstrook, tel op en r 23(25) ste uit regterhalsrand van voorpant, r oor die 26(30) ste op reserwenaald aan halsrand van agterpant, tel op en r 23(25) ste eweredig gespasieer uit linkerhalsrand van voorpant en rif oor ste van linkervoorpantstrook – 86(94) ste.

Brei 1 cm rif, eindig met 'n VK-ry.

Maak 'n knoopsgat soos uiteengesit. Brei nog 1 cm rif en heg lossies rifsge-wys af.


DIAGRAM 7



SLEUTEL TOT DIAGRAMME

□	=	A (geel)
+	=	B (wit)
v	=	D (groen)
\	=	E (suurlemoengeel)
●	=	F (rooi)
x	=	bruin
△	=	beige
■	=	koningsblou

DIAGRAM 9



AFWERKING

Plaas middel van afhegrande van moukoppe teenaan skouernate en werk moukoppe vas. Werk sy- en

mounate toe. Werk knope vas. Borduur die motiewe volgens diagramme 7, 8 en 9 op voorpante, soos op illustrasie gesien kan word. Moenie pars nie.

Wees voorberei vir die koms van die nuweling in jou huis met dié volledige uitrusting. Van 'n broek en 'n kapkombersie tot 'n pop en skoentjies . . . gebrei van wit Pingouin Golden Age-driedraadbregare met fraai geborduurde rosekransies

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN

patrone en diagramme verwerk deur
SJOUKJE JORDAAN
foto's PINGOUIN

BABA-UITSET EN POP

Patroon en ontwerp
deur PINGOUIN-ateljée

BENODIGDHEDE

Pingouin Golden Age 3-draad (50-g-bolle); wit (kleur-nr. 01, A), pienk (03, B) en liggeel (02, C). Borduurgare: ligpienk (B), liggeel (C), turkoois (D), pienk (E) en blou (F).

- 1. Pop:** 3 bolle A, 1 bol elk B en C, borduurgare B, D en E, vulsel, klein stukkies vilt vir gelaatstrekke.
- 2. Kappiekomers:** 4 bolle A, borduurgare B, D, E en F.
- 3. Onderbaadjie:** 1(1; 2) bolle A, borduurgare B, D en E.
- 4. Oorvoutruitjie en skoentjies:** 2 bolle A, borduurgare B, D en E, 2 knope vir truitjie, 2 knope vir skoentjies.
- 5. Baadjie en broekie:** 2(3) bolle A, borduurgare B, D en E, dun rek.

Paar Inox-breinaalde van 2,75 mm en 3 mm; stel van 4 tweepunt-breinaalde van 3 mm, hekelpen van 3 mm.

MATE

- 3. Onderbaadjie:** vir kindjie van 6(12; 18) maande.
- 4. Oorvoutruitjie en skoentjies:** van geboorte tot 3(3-6) maande.
- 5. Baadjie en broekie:** van geboorte tot 3(3-6) maande.
- Ware grootte:** 1: 40 cm hoog; 2: 67 cm vierkant; 3: rondom 48(52; 56) cm, lengte 23(26; 29) cm; 4: rondom 46(50) cm, lengte 17(19) cm; 5:

baadjie, rondom 46(50) cm, lengte 24(26) cm, mou 21(24) cm; broekie rondom 46(50) cm, lengte 29(31) cm; 6: 35 x 22 cm.

SPANNING

Spaar tyd deur 'n spanningstoets te doen. 30 ste en 38 rye = 10 x 10 cm oor ks met 3-mm-Ne. Vir die beste resultate is dit noodsaaklik om die regte spanning te verkry. Indien daar te min steke in jou toetslappie is moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

Brei: r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; vlg – volgende; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; oorbl – oorblywende; tes – tesame; gv – gare vorentoe; beg – begin; rs – reksteek (elke ry regs); ks – koussteek (een ry regs, een ry aweregs); herh – herhaal; rif – riffelsteek, deurgaans r1, aw1.

Hekel: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen.

Let wel: die picotrandjie word gevorm deur die werk in breedte al met die gaatjiesry dubbel te vou; dit word in aanwysings uiteengesit. Die borduurwerk word met duplikaatsteek gedoen, volgens diagramme. 'n Rondte krapsteek word gebruik by afwerking, dit is kortbeen van links na regs, wat 'n koordjie-agtige voorkoms verskaf.

1: POP

LYF

Gebruik 3-mm-Ne en A, stel 106 ste op en brei 75 cm ks. Heg af. Gebruik 'n groot stuk papier, vergroot die omtrek van die lyf tot ware grootte om 'n papierpatroon te maak. Vou die gebreide stuk dubbel met RK na binne en plaas patroon bo-op. Stik 'n dubbele ry steke deur albei lae al om buitenste rand maar laat 'n opening aan bokant van kop. Knip langs buitenste rand, maar laat genoeg breistof om lyf te kan omkeer sonder dat dit uitrafel. Keer na regte kant om en stop flink op. Werk opening toe.

BROEK

Begin onderrand van regterbroekspyp, stel 50 ste op met A en brei ks, beg met 'n r-ry. Brei 11 rye reguit, vermeer dan 1 st aan einde van vlg ry en aan dieselfde kant in daaropvlg 6e rye nog 4 keer, om broekspyp te vorm. Brei voort op dié 55 ste tot werk 12 cm lank is vanaf beg, eindig aan

gevormde rand, ná 'n aw-ry. Knip gare af en hou steke op breinaald.

Brei tweede broekspyp op dieselfde manier, maar met vormings aan teenoorgestelde kant. Nadat dieselfde aantal rye voltooi is eindig jy aan reguit kant.

Vlg ry: r55, draai, stel 5 ste op, draai, brei dan die 55 ste van regterbroekspyp.

Brei voort op dié 115 ste tot werk 30 cm lank is vanaf beg. Heg af.

Dié deel vorm die voorkant; brei nog so 'n stuk vir agterkant.

AFWERKING

Borduur motief op voorkant van regterbroekspyp. Werk sy- en binnebeen-nate toe. Hekel met B 1 rondte krapst oor onderrand van elke broekspyp.

POP SE BOSTUK

Stel vir voorpant 30 ste met A op, brei 5 cm ks en heg af.

Brei ook so 'n stuk vir agterpant. Stel vir moue 95 ste met A op en brei 9 cm ks. Heg af. Borduur 'n motief in middel van voorpant. Werk 7 ste vir 1 skouernaat toe, begin aan sykant. Trek bostuk oor pop se bolyf en werk die ander skouernaat toe. Werk 2 rye vanaf onderkant toe vir synate. Werk mounate toe. Ryg 'n draad deur afhegrand van elke moukop, plaas die mou oor die arm en werk ingerygde rande aan lyfie vas. Hekel met B 1 rondte krapsteek om elke mouboordjie. Ryg 'n intrekdraad deur mouboordjies, trek vas en werk vas.

'n Kasvol fraai

KAPPIE

Gebruik 3-mm-Ne en A, stel 65 ste op, brei 24 cm ks. Heg af.

Teken op die gebreide lap 'n sirkel met deursnee van 20 cm. Stik al om omtrek van sirkel, werk dan 'n rondte sigsagsteke langs dié rand. Knip die sirkel uit en hekel met B 'n rondte krapsteek om rand. Ryg 'n intrekdraad deur kappie, 3 cm binnekant die buitenste rand.

HAARDOS

Hekel 25ks.

1e ry: 1lb in 3e ks vanaf hekelpen, 4lb in elk van vlg 20ks, 1lb in elk van oorbl 2ks.

2e ry: 2 draai-ks, 1lb in elk van vlg 2lb, dan 20ks.

3e ry: 1lb in 3e ks vanaf hekelpen, 4lb in elke oorbl ks, dan 1lb in vlg 2lb.

Hekel so voort, maak krulletjies van verskillende lengte deur meer of minder ks te maak, maar wanneer jy terugwerk moet jy altyd 1lb in 3e ks, 4lb in elke ks hekel, en eindig met 2lb soos in 3e ry. Hekel 12 krulletjies en knip gare af.



fyngoed vir jou baba

SKOENTJIES

Gebruik 3-mm-Ne en A, stel 30 ste op, brei 5 rye rif, slaan oor na ks, begin met 'n r-ry en brei 14 rye. Knip gare af.

Vlg ry: glip 11 ste op 'n stekehouer, r vlg 8 ste, draai en glip oorbl 11 ste op 'n tweede houer. Begin met 'n aw-ry en brei nog 9 rye ks op middelste 8 ste van wreef, dan 6 rye rs. Knip gare af, en heg dit aan buiterand van eerste groep van 11 ste wat ongebrei is v.s. Brei dié ste, tel op en r 10 ste uit syrand van wreef, r8 ste van wreef, tel op en r10 ste uit ander kant, r dan die oorbl groep van 11 ste. Brei op dié 50 ste 7 rye rs. Heg 21 ste af aan beg van vlg 2 rye, brei daarna voort op die middelste 8 ste, met 32 rye rs vir sooltjie. Heg af.

Borduur 'n motief in middel van ks-deel van wreef.

Stel vir bandjie 15 ste met A op en brei 2 rye rs. Heg af.

Werk bandjie om skoentjie vas soos aangedui en borduur 'n aantal Franse knopies dig by mekaar om knoop voor te stel. Werk nate aan sykanke van

sool, asook agterkant en enkeldeel, toe.

AFWERKING

Rys 'n intrekdraad deur middelrand van broek en om elke enkel. Pas broek aan pop, trek die intrekdraad op, bind goed vas en werk die punte af. Werk borand van broek aan onderand van bostuk vas. Werk middel van krulletjiesrand aan agterkant van kop vas, werk die punte aan middel van voorkop vas. Pas kappie op kop, trek die rygdraad vas en werk kappie aan kop vas. Hekel vir strophalssnoer 30ks met B, dan 1 ry krap-st oor basisketting, werk punte aan agterkant van hals vas. Ryg 1 draad van kleur A in 'n bypassende naald en vorm duim deur klein, styf stekies deur breistof én vulsel te werk. Die gelaatstrekke kan óf geborduur word met die regte kleure, óf hulle kan uit stukkie vilt geknip en vasgewerk word.

2: KAPPIEKOMBERS HOOFDEEL

Links bo: 'n moulose oorvoutrui en onderbaadjie. Links onder: 'n baadjie wat agter vasmaak en 'n broekie. Regs: 'n kapkombersie, 'n pop en skoentjies.

Gebruik 3-mm-Ne en stel 195 ste op, brei dan 65 cm ks. Heg af.

KAP

Stel 154 ste op en beg met 'n aw-ry, brei 3 rye ks, dan 'n gaatjiesry vir picotrandjie.

4e ry: r1, *r2tes, gv; herh van * tot * tot laaste st, r1.

Brei ks, beg met 'n aw-ry, brei 3 rye sonder vorming, vorm dan sykanke só: Vermin 1 st aan weersk van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan beg van vlg 2 rye. Herh laaste 4 rye nog 24 keer – 4 ste bly oor. Brei twee keer (r2tes), trek 1e st oor 2e st en werk af.

AFWERKING

Vou eerste 3 rye van kap by die gaatjiesry na binnekant om (dit vorm 'n picotrand), glipsteek aan binnekant vas. Borduur volgens diagram, beg 'n paar rye bokant die dubbelgevoude begindeel. Ryg kappie aan 'n hoek van hoofdeel vas met aw-kant van kappie op r-kant van hoofdeel, plaas die reguit kante van kappie halfpad

oor reguit rande van hoofdeel.

Met RK bo en terwyl jy deur albei lae steek, tel op en r92 ste uit een kant van kap tot by hoek, dan 92 ste al met ander kant van kap langs.

Beg met 'n aw-ry en brei 3 rye ks, dan 'n gaatjiesry soos vir kap, daarna nog 3 rye ks. Heg af.

Tel uit oorbl deel van rand, wat nie deur kap bedek word, 92 ste op en brei soos uiteengesit. Doen dieselfde met teenoorgestelde rand.

Tel uit elk van laaste twee onafgewerkte rande 184 ste op en brei soos tevore.

Werk alle kort kante aan mekaar vas. Vou die hele rand al met die gaatjiesry langs na VK om en glipsteek dit netjies vas.

3: ONDERBAADJIE

AGTERPANT

Gebruik 2,75-mm-Ne en A en stel 71(77; 83) ste op, brei rif, beg en eindig RK-rye met aw1 en VK-rye met r1. Brei 8 rye rif, vermeer 1 st in middel van laaste ry – 72(78; 84) ste.

Slaan oor na 3-mm-Ne en beg met 'n r-ry, brei ks tot werk 11(13; 15) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Mousgatvorming

Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye, 2 ste aan beg van daaropvlg 2 rye en 1 st aan beg van vlg 4(6; 6) rye.

Brei op oorbl 56(60; 66) ste tot werk 23(26; 29) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Skouer- en halsvorming

Heg 5(5; 6) ste af aan beg van vlg 2 rye.

3e ry: Heg 5(5; 6) ste af, r tot daar 10(12; 12) ste op regternaald is, plaas dié ste op 'n stekehouer vir regterskouer, heg vlg 16(16; 18) ste af, r tot einde.

Brei op die 15(17; 18) ste wat nou op N oorbly en vorm linkerskouer.

Heg 5(5; 6) ste af aan beg van vlg ry en 5 ste aan halsrand van daaropvlg ry.

Heg oorbl 5(7; 7) ste af om skouerafskuinsing te voltooi.

Heg breidraad vas aan oorbl ste, heg 5 ste af, aw tot einde.

Heg oorbl 5(7; 7) ste af.

REGTERVOORPANT

Gebruik 2,75-mm-Ne en A en stel 41(45; 47) ste op, brei 8 rye rif soos uiteengesit vir agterpant en vermeer 1 st in middel van laaste ry vir 1e en 3e grootte – 42(45; 48) ste.

Slaan oor na 3-mm-Ne en ks, beg met 'n r-ry, brei tot werk 11(13; 15) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n r-ry.

Mousgat- en voorpantvorming

Heg 5 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde rand in vlg alt ry en 1 st in vlg 2(3; 3) alt rye. Brei 2(0; 0) rye reguit.

Vermin dan 1 st aan voorpantrand in vlg ry en daaropvlg 17(17; 18) alt rye. Hou mousgatrand reguit tot mousgat so lank soos agterpant s'n tot by skouervorming is, eindig aan mousgatrand.

Skouervorming

Heg 5(5; 6) ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry. Brei 1 ry en heg oorbl 5(7; 7) ste af.

LINKERVOORPANT

Soos regtervoorpant maar met omgekeerde vorming.

BORDUURWERK

Borduur langs elke voorpantrand soos op diagram getoon word, laat 'n paar steke weg vir kleinste maat, indien daar nie genoeg rye is nie.

AFWERKING EN RANDSTROKE

Werk skouernate toe. Met RK voor en 3-mm-Ne en A tel op en r74(80; 86) ste uit een mousgat. Beg met 'n aw-ry en brei 3 rye ks.

Vlg ry: r1, *gv, r2tes; herh van * tot laaste st, r1.

Slaan oor na 2,75-mm-Ne en brei nog 4 rye ks.

Heg lossies af. Herh vir 2e mousgat. Met RK voor en 3-mm-Ne en A, tel op en r42(48; 54) ste uit reguit deel van regtervoorpantrand, 35(38; 41) ste uit afskuinsing, 26(26; 28) ste uit halsrand van agterpant, 35(38; 41) ste uit afskuinsing, en 42(48; 54) ste uit reguit kant van tweede voorpantrand.

Brei soos uiteengesit vir mousgatrand. Werk synate toe. Vou alle randstroke by gaatjiesry na binnekant om en glipsteek lossies vas.

4: OORVOUTRUITJIE EN SKOENTJIES

AGTERPANT

Gebruik 2,75-mm-Ne en A en stel 70(76) ste op, begin met 'n r-ry en brei 4 rye ks, brei dan 'n gaatjiesry.

5e ry: r1, *gv, r2tes; herh van * tot laaste st, r1.

Slaan oor na 3-mm-Ne en ks, beg met 'n aw-ry en brei tot werk 6(7) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Mousgatvorming

Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye, 2 ste aan beg van daaropvlg 6 rye en 1 st aan beg van vlg 2(4) rye. Brei voort op 50(54) ste tot werk 17(19) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Skouervorming

Heg 5 ste af aan beg van vlg 4 rye en 4(5) ste aan beg van daaropvlg 2 rye. Heg oorbl 22(24) ste vir halsrand van agterpant af.

REGTERVOORPANT

Gebruik 2,75-mm-Ne en A, en stel 70(76) ste op, brei die eerste 5 rye soos

uiteengesit vir agterpant. Slaan oor na 3-mm-Ne en ks, beg met 'n aw-ry en brei nog 7 rye.

Voorpantvorming

Heg 8(9) ste af aan beg van vlg ry, 4 ste aan dieselfde rand in vlg alt ry, vermin daarna 1 st aan dieselfde rand in die vlg 22 rye, waarna 1 st aan dieselfde kant in vlg 12(15) alt rye vermin moet word.

Hou **terselfdertyd** die syrand reguit tot werk 6(7) cm lank is vanaf beg, eindig aan sykant.

Mousgatvorming

Heg 3 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde rand in daaropvlg 3 alt rye, dan 1 st in vlg 1(2) alt rye. Hou daarna dié rand reguit maar gaan voort met voorpantrand-vermin tot alle vermin voltooi is, brei dan voort op 14(15) ste tot mousgat so lank soos agterpant s'n tot skouervorming is, eindig aan sykant.

Skouervorming

Heg 5 ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry.

Brei 1 ry en heg oorbl 4(5) ste af.

LINKERVOORPANT

Soos regtervoorpant, maar met omgekeerd vorming.

AFWERKING EN RANDSTROKE

Werk skouernate toe. Met RK voor, 3-mm-Ne en A, tel op en r80(86) ste uit een mousgatrand. Beg met 'n aw-ry en brei 3 rye ks, dan 'n gaatjiesry soos uiteengesit vir 5e rand van agterpant.

Slaan oor na 2,75-mm-Ne en beg met 'n aw-ry, brei 4 rye ks. Heg lossies af. Brei ook so 'n boordjie aan tweede mousgatrand.

Werk synate en kort kante van mousgatstroke toe. Vou onderrand by gaatjiesry om en glipsteek opstelrand lossies in posisie aan VK van werk.

Met RK voor, 3-mm-Ne en A, tel op en r7 ste uit reguit voorpantrand, 65(71) ste uit gevormde voorpantrand, 22(24) ste uit halsrand van agterpant, 65(71) ste uit gevormde rand van linkervoorpant en 7 ste uit tweede reguit rand. Brei soos uiteengesit vir mousgatstrook.

Vou mousgat- en voorpantstroke na binnekant om soos uiteengesit en glipsteek aan VK vas. Maak 'n knoop lus aan elke voorpantrand. Werk knope vas, een aan regterkant van werk by linkersynaat, die ander aan verkeerde kant van werk by regtersynaat. Borduur op regtervoorpant volgens diagram, plaas dit binne die gevormde rand soos op illustrasie gesien kan word.

SKOENTJIES

HOOFDEEL

Gebruik die tweepuntbreinaalde en A, stel 36 ste op brei enkelrif in rondtes.

Brei 7 rondtes rif, slaan dan oor na ks.

Brei tot werk 5,5 cm lank is vanaf beg.

Verdeel vir wreef

1e ry: glip eerste 13 ste op 'n stekehouer, brei vlg 10 ste regs, draai en glip oorbl 13 ste op 'n tweede stekehouer. Brei voort in rye eers, 9 rye ks, dan 10 rye rs.

Knip breidraad af, heg dit aan buitenste rand van eerste groep van 13 ste by hak vas, r13, tel op en r13 ste langs sykant van wreef, r10 ste van wreef, tel op en 13 ste uit ander kant van wreef, daarna die 13 ste van stekehouer – 62 ste. Brei voort met 11 rye rs, begin dan soolvorming.

1e ry: r36, draai.

2e ry: r10, draai.

3e ry: r9, r2tes.

Herh 3e ry tot 4 ongebreide ste aan weersk oorbly. Draai, r tot einde en heg alle ste af.

Bandjie

Gebruik 3-mm-Ne en A, stel 15 ste op, brei 4 rye rs en heg af.

AFWERKING

Werk kort agternaat toe. Borduur 'n motief op ks-deel van wreef. Werk bandjie om enkel vas, werk 'n knoop aan buiterand van elke skoentjie, by punt van bandjie, vas.

5: BAADJIE EN BROEKIE

BAADJIE

(Opening aan agterkant)

VOORPANT

Gebruik 2,75-mm-Ne en A, stel 70(76) ste op, beg met 'n r-ry en brei 4 rye ks.

5e ry: r1, *gv, r2tes; herh van * tot laaste st, r1.

Slaan oor na 3-mm-Ne en ks, beg met 'n aw-ry, brei tot werk 13(14) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Mousgatvorming

Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye, 2 ste aan beg van daaropvlg 4 rye en 1 st aan beg van vlg 4(6) rye. Brei op oorbl 52(56) ste tot werk 20(22) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Hals- en skouervorming

1e ry: r22(23), plaas dié ste op 'n reserwenaald, heg vlg 8(10) ste af, r tot einde. Brei op die 22(23) ste wat nou op N oorbly om regterskouer te vorm; brei 1 ry. **Heg 3 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde kant in vlg 2 alt rye en 1 st in daaropvlg 4 alt rye

(syrand)**.

Heg aan beg van vlg ry 5(6) ste af vir skouervorming, brei 1 ry, heg dan oorbl 6 ste af.

Heg breidraad aan halsrand van oorbl ste op reserwenaald vas. Brei soos uiteengesit vir regterskouer van ** tot **, brei 2 rye sonder vorming. Brei skouervorming soos uiteengesit vir eerste kant.

REGTERAGTERPANT

Gebruik 2,75-mm-Ne en A, stel 48(52) ste op, brei eerste 5 rye soos uiteengesit vir voorpant, slaan dan oor na 3-mm-Ne en ks, brei tot werk 13(14) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.


Mousgatvorming

Heg 3 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde kant in vlg 2 alt rye, dan 1 st in vlg 2(3) alt rye. Brei op oorbl 39(42) ste tot werk so lank soos voorpant tot begin van skouervorming is, eindig aan mousgatrand.

Skouervorming


Heg 5(6) ste af aan beg van vlg ry en 6 ste aan dieselfde kant in daaropvlg alt ry. Heg oorbl 28(30) ste af (= halsrand van agterpant).

NA BLADSY 109



Gebruik dié skets om 'n papierpatroon met regte afmetings te verkry.


1: DIAGRAMME VIR POP EN POPKLERE



* = turkoois
● = pienk
/ = ligpienk
□ = wit

Borduur die volledige motief op die lyfie, op die linkerbroekspyp die deel wat A gemerk is, en op die wreef van elke skoentjie deel B.


2: DIAGRAM VIR KAPPIEKOMBERS




* = turkoois
● = pienk
o = ligpienk
/ = blou
□ = wit

Middel van kappie

4: DIAGRAMME VIR OORVOUTRUITJIE EN SKOENTJIES




5: DIAGRAM VIR BAADJIE EN BROEKIE



Let wel: Die vet lyne dui die halslyn aan, die binnesten die kleinste, die buitenste die grootste maat. Plaas die borduurwerk soos aangedui.


SKOENTJIES

Regterskoentjie Linkerskoentjie



● = pienk
* = turkoois
o = ligpienk

3: DIAGRAM VIR ONDERBAADJIE



Let wel: Die vet lyn toon die voorpantvorming, 18 verminderings vir 1e en 2e grootte, 19 verminderings vir 3e grootte.

Fraai fyngoed

VAN BLADSY 109



LINKERAGTERPANT

Soos regteragterpant, maar met omgekeerde vorming.

MOUE (2)

Gebruik 2,75-mm-Ne en stel 40(42) ste op, brei eerste 5 rye soos uiteengesit vir voorpant. Slaan oor na 3-mm-Ne en ks, vermeer 1 st aan weersk

van elke vlg 5e ry, 9(10) keer alternaam. Brei op 58(62) ste tot werk 14(16) cm lank is vanaf beg.

Moukpvorming

Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye, 2 ste aan beg van daaropvlg 4 rye, 1 st aan beg van vlg 14(18) rye, 2 ste aan beg van vlg 2 rye en 3 ste aan beg van daaropvlg 4 rye. Heg oorbl 14 ste af.

BORDUURWERK

Borduur die motief om halslyn met duplikaatsteek, in kleure soos op diagram aangedui.

AFWERKING EN RANDSTROKE

Werk skouernate toe. Met RK voor en 3-mm-Ne en A, tel op en r28(30) ste uit linkerhalsrand van agterpant, 46(48) ste uit halsrand van voorpant, en 28(30) ste uit regterhalsrand van agterpant. Beg met 'n aw-ry en brei 3 rye ks, brei dan 'n gaatjiesry soos tevore uiteengesit. Slaan oor na 2,75-mm-Ne en brei 4 rye ks. Heg af. Vou hierdie rand by gaatjiesry na binnekant om en glipsteek lossies vas.

Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe. Vou mouboordjies by gaatjiesry na binnekant om en glipsteek vas. Met RK voor, 3-mm-Ne en A, tel op en r74(80) ste uit agterpantrand, brei soos uiteengesit vir halsstrook. Werk af soos uiteengesit.

BROEKIE

VOORPANT

Gebruik 2,75-mm-Ne en A, begin by onderste rand van 'n broekspyp, stel 32(34) ste op en brei die eerste 5 rye soos uiteengesit vir baadjie. Slaan dan oor na 3 mm Ne en ks, brei 7 rye. eindig dus met 'n aw-ry. Knip breidraad af en plaas ste op 'n stekehouer. Brei 'n tweede broekspyp op dieselfde manier, maar moenie die breidraad afknip nie.

Vlg ry: r ste van 2e broekspyp, draai, stel 5(7) ste op, draai, r ste van eerste broekspyp - 69(75) ste. Brei ks oor alle ste tot werk 27(29) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry. Brei gaatjiesry, slaan oor na 2,75-mm-Ne en brei nog 7 rye ks. Heg lossies af.

AGTERPANT

Soos voorpant.

AFWERKING

Werk binnebeen- en kruisnate toe, dan synate. Brei boordjies aan broekspype soos tevore uiteengesit by baadjie. Knip rek tot regte maat om om middeltjie van baba te pas, plaas punte oor mekaar en werk goed vas. Vou borand van broek by gaatjiesry na binnekant om, plaas rek-ring in buis wat so gevorm word en glipsteek aan binnekant vas.

VERDIEN GELD

Geskeide Moeder Vertel Hoe Sy 'n Fantastiese Inkomste Verdien

U kan my verstommende geldmaak uitgewery pret-pakket ontdek. My naam is Logan Powers, en ek sal u met graagte kontak indien u maklik 'n opwindende ekstra inkomste wil verdien (tuis of in u vrye tyd.) Dit maak nie saak wie u is, waar u bly of watter onderrig u gehad het nie. Stuur u naam en adres aan my en ek sal hierdie eksklusiewe inligting gratis aan u verskaf. U het my persoonlike waarborg dat die gevolge u lewe sal verander.

Logan Powers S.A.
Suit 5
Privaatsak X20086
Empangeni 3880

R/R Suite 5/R

BEREI U FINANSIEEL VOOR VIR DIE NUWE SUID-AFRIKA

Uiteindelik!!!! 'n Organisasie wat na u behoeftes omsien. Begin vandag tuis werk en verdien u eie geld. Streef na finansiële onafhanklikheid in die nuwe Suid-Afrika. Ons dienste splinternuut, uniek en beproef.

**** Tikwerk tuis met u tikmasjien of rekenaar met werkopdragte wat ons verskaf.**
**** Vul van koevertes.** 'n Nuwe suksesvolle konsep wat seëls en koevertes verskaf.
**** Ons soek na mans en dames landwyd,** vul so u inkomste aan, om deelyds of voltyds werksaam te wees as verteenwoordigers.

**** Begin u eie werkstasie tuis en verdien tot soveel as R1300 en meer per maand.** Vir volledige besonderhede stuur u naam en adres asook 4 x 27c seëls aan: Personeel-Afdeling (K), Posbus 3065, Pretoria 0001.



JOU MEES INTIEME VRAE WORD MET VOLLE VERTROUOLIKHEID BEANTWOORD - 24 UUR 'N DAG.

VIR SEKSUELE ADVIES SKAKEL

087-30-114

PLUS DIE NOMMER WAT JY WIL HÊ.

- 00 Bereik orgasme
- 01 Verbeter seks in die huwelik (mans)
- 02 Verbeter seks in die huwelik (dames)
- 03 Masturbasie
- 04 Orale seks
- 05 Hoe om die G-kol te vind
- 06 Alternatiewe seks
- 07 Prostitusie
- 08 Ouer word en seks
- 09 Alkohol en seks
- 10 Seks met die eerste afspraak?
- 11 Seksmolestering
- 12 Ontydige ejakulasie
- 25 Soen
- 13 Kindermolestering - voorkoming
- 14 Vroulike seksuele reaksie
- 15 Manlike seksuele reaksie

OPROEPEKOSTE R6,60 PER MINUUT.

CALLNET. DIE OPROEP IS DIE MOEITE WERD.

M220 RR/REV

LEWENSTYL ADVIES SKAKEL

087-20-208

PLUS DIE NOMMER WAT VERLANG WORD.

- 20 So verloor jy gewig - Moets en moeties
- 21 Staak die rookgewoonte - Hoe
- 22 Depressie
- 23 Snork - ernstige benadering
- 24 Skeelhefpyne en die hantering daarvan
- 44 Aknee en die hantering daarvan - Moets en moeties
- 45 Menopause I - Probleme
- 47 Menopause II - Behandeling/Hantering
- 77 'n Vooraanstaande Suid-Afrikaanse persoonlikheid praat proutuit oor die aspekte van menopause en die hantering daarvan.
- 48 Wat maak 'n vrou aantreklik vir 'n man?
- 49 Wat maak 'n man aantreklik vir 'n vrou?

OPROEPEKOSTE R2,20 PER MINUUT.

WIL U MANLIK EN AANTREKLIK VIR VROU WEES? U KAKEBEEN VERSTERK? U PROFIEL VERBETER? SWAK VEL VERBERG? Slaan dan dadelik oor na SUPERBEARD en wees 'n WARE MAN.



Mnr. R.J. se: "Ek is werklik tevrede met my splinternuwe baard."

SUPERBEARD is 'n nuwe stimulerende formule vir diegene wat 'n weelderige en werklik manlike baard verlang wat sterk, syerig en goed versorg is. Elke man, of hy 17 of 70 is: of sy baard te fyn of kolleerig is, het SUPERBEARD nodig vir 'n vol, manlike baard wat ware karakter aan sy gesig verleen. Binnekort sal u andere nie meer hoef te beny nie. Dan sal u ook aantreklik en manlik lyk, met daardie "sekere iets" waarvan vroue in mans hou... 'n gesig wat indrukwekkend en sterk is - 'n gesig om te onthou! SUPERBEARD kos slegs R41,00 BTW insl., en aflewering. GEEN RISIKO - as u nie tevrede is nie, kan u die item binne 20 dae terugstuur vir volle terugbetaling van die koopprys. BESTEL vandag as u 'n aantreklike profiel verlang! Sny die advertensie uit en stuur met u naam, adres en poskode en Posorder/Kontant/Tjek vir R41,00 (indien k.b.a. sluit R10,00 deposito in) aan:

Euro-Mail, Posbus 78586, Sandton 2146
1ste Vloer, Gario Corner-gebou,
Pretoriahoofweg 665, Wynberg, Sandton.

19660/1A

ROOI ROSE

22 APRIL 1992